Die Hoërskool Menlopark

16 Maart 2020

Beste Ouers

CORONA-VIRUS (COVID-19)

Na aanleiding van die president, mnr. Cyril Ramaphosa, se mediaverklaring op Sondagaand, 15 Maart 2020, en die daaropvolgende verklaring deur die ministerie vanoggend, lig ons as topbestuur en beheerliggaam van die skool, u graag soos volg in:

1. Die skool asook naskooltoesig, sluit op Dinsdag, 17 Maart 2020 om 14:00 en heropen op Dinsdag, 14 April 2020, tensy anders afgekondig deur die president. Die moontlikheid bestaan dat die Junie/Julie-vakansie geaffekteer kan word deur hierdie besluit.

2. Let daarop dat toetse wat geskeduleer is vir Donderdag, 19 Maart op Donderdag, 16 April geskryf sal word naamlik - graad 9: keusevak; graad 10: Wiskunde; graad 11: RTT en graad 12: Dramatiese kuns. Toetse beplan vir Woensdag, 15 April en Vrydag, 17 April sal normaalweg voortgaan.

3. Rapporte word uitgedeel in die week waarin die skool 'n aanvang neem.

4. Buitemuurse aktiwiteite, insluitend sport- en kultuuroefeninge, word gestaak tot verdere kennisgewing en met onmiddellike effek.

5. Sport- en kultuurtoere (internasionale sowel as byeenkomste ter plaatse) word afgestel **tot en met die skole heropen**, waarna verdere kennisgewing sal volg. Die topbestuur sal in oorlegpleging met sport- en kultuurhoofde, poog om die finansiële impak hiervan tot die minimum te beperk.

6. Ons doen 'n dringende beroep op u samewerking - ons leerders se gesondheid is van primêre belang en ons versoek dat indien u kind tans siek is, u hom/haar sal tuis hou. Hou die primêre voorsorgmaatreëls, soos daar wyd gekommunikeer is die afgelope paar dae, in gedagte en vermy paniekerige aksie:

    - Vermy sosiale kontak en onthou dat byeenkomste van meer as 100 mense op dié stadium verbode is;
    - Gebruik handsaniteerder op 'n gereelde basis met 'n alkoholbasis van ten minste 60%, en vryf u hande vir ten minste 20 sekondes daarmee.

Alhoewel hierdie 'n ongemaklike tyd vir ons almal is, werk ons graag saam deur die streng voorkomende maatreëls toe te pas.

Menlo-groete

MNR. STEFAN VAN DER WALT
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

MNR. SCHALK REYNDERS
HOOF

Atterburyweg, Menlopark, 0081
Tel: (012) 361-7738 e-pos: info@menlopark.co.za
Web: www.menlopark.co.za | Hoof: Mnr. Schalk Reynders